



NWU®

NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA

NWU-STUDENTEWERWINGSBELEID

Verwysingsnommer	6P_6.6
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking
Beleideienaar	Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking
Verantwoordelike afdeling	Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking
Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	16 Maart 2023
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2026

NWU-STUDENTEWERWINGSBELEID

Aanhef

Teen die agtergrond van die droom om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie Studentewerwingsbeleid op 16 Maart 2023 aanvaar.

1 Vertolking en toepassing

Hierdie beleid moet vertolk en toegepas word op 'n wyse wat strook met die –

- 1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- 1.2 Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997;
- 1.3 Wet op Nasionale Kwalifikasieraamwerk, 67 van 2008;
- 1.4 Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 4 van 2013 (WBPI);
- 1.5 Wet op Verbruikersbeskerming, 68 van 2008;
- 1.6 Nasionale beleid vir 'n geïntegreerde loopbaanontwikkelingstelsel vir Suid-Afrika nr 373 gepubliseer in Staatskoerant 40795 20 April 2017;
- 1.7 Statuut van die Noordwes-Universiteit;
- 1.8 Algemene Akademiese Reëls van die NWU;
- 1.9 alle verwante beleide en reëls van die NWU, veral die Toelatingsbeleid, Handelsmerkbeleid & Kommunikasiebeleid, Institusionele Reëls oor Studentebestuur, en
- 1.10 regeringsbeleide en -aanwysings rakende studentewerwing en loopbaanvoorligting.

2 Begripsomskrywings

In hierdie beleid –

verwys “**aktivering**” na 'n aktiwiteit of gebeurtenis wat aangebied word om die Universiteit en sy aanbiedinge te bemark;

verwys “**brosjyre**” na 'n boekie met foto's en inligting omtrent die Universiteit se aanbiedinge.

verwys “**loopbaanvoorligting**” na die leiding wat aan individue gegee word om hulle te help om die kennis, inligting, vaardighede en ervaring te bekom wat nodig is om loopbaanopsies of moontlike programme te identifiseer en dit te beperk om 'n beroepsbesluit te neem;

verwys “**KVB**” na die Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking-afdeling;

verwys “**DHOO**” na die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding;

verwys “**inskryf**” na die proses waar 'n persoon formeel by die NWU registreer vir 'n spesifieke program;

verwys “**FTEN**” na nuwelingstudente;

verwys “**leidrade**” na potensiële studente;

verwys “**BSW**” na die Departement Bemaking en Studentewerwing;

verwys “**ope dag**” na ’n dag wanneer lede van die publiek die NWU kan besoek met die doel om die instansie en sy fasiliteite aan voornemende studente te bemark;

verwys “**PKM**” na die program- en kwalifikasiesmengsel wat by die NWU aangebied word;

verwys “**programme of program**” na die kwalifikasies, kursusse en aanbiedinge van die NWU;

verwys “**moontlike student**” na ’n persoon wat na alle waarskynlikheid as ’n potensiële student aanvaar sal word;

verwys “**retensie**” na die vermoë om moontlike studente en studente oor verloop van tyd te behou;

verwys “**SAKO**” na die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid;

verwys “**KSR**” na ’n Kampusstudenterraad;

verwys “**VSR**” na die Verteenwoordigende Studenterraad;

verwys “**studentelewe**” na die ko-kurrikulêre programme wat deur die funksionele areas van die studentelewe voorsien word, insluitend die koshuisleweomgewing, en studenteierskapstrukture wat in die Institusionele Reëls oor Studentebestuur vasgestel is;

verwys “**studentewerwing**” na die bemarkingsproses of -aktiwiteite om die beste gekwalifiseerde voornemende studente, van binne of buite die instelling, op ’n tydige en koste-effektiewe wyse te vind en te werf, en

verwys “**UBK**” na die Universiteitsbestuurskomitee.

3 Beleidsverklaring

3.1 Alle studentewerwingsaktiwiteite moet bestuur en gekoördineer word ten einde die doeltreffende uitvoering van hierdie aktiwiteite te verseker, om handelsmerk-ekwiteit te bou, om te verseker dat korrekte inligting verskaf word, om inskrywings te laat groei in ooreenstemming met die NWU-strategie en DHOO-goedgekeurde inskrywingsplan, om hoër omsettingskoerse te verseker vanaf leidraad tot registrasie en om beter retensie te verseker.

3.2 Die volgende aktiwiteite moet aan hierdie beleid voldoen:

- die bemaking en promosie van die NWU se programme en aanbiedinge;
- die aanbied van loopbaanvoorgelting en programinligting;
- koördinering van enige aktiwiteite met die doel om studente aan die NWU in te skryf;
- kommunikasie en retensieaktiwiteite m.b.t. moontlike studente;
- die skep van bemarkingsmateriaal; en
- die bestuur van moontlike-student- en leidraad-databasisse.

4 Rolle, Verantwoordelikhede en Aanspreeklikheid

- 4.1 Hierdie beleid is van toepassing op die bestuurstrukture, permanente en tydelike werknemers, verskaffers en studente van die NWU.
- 4.2 Alle amptelike studentewerwingsaktiwiteite namens die NWU moet gekoördineer en uitgevoer word in oorleg met die MSR.
- 4.3 Alle bemarkingsmateriaal en -brosjures moet ingevolge die NWU se Handelsmerkbeleid goedgekeur word.
- 4.4 Hierdie beleid is van toepassing op alle studentewerwings- en beroepsvoorligtingsaktiwiteite, insluitende alle vorme van media, direkte bemarking, digitale bemarking, aktiverings, borgskappe, loopbaandae, skoolbesoeke en ope dae wat deur en vir die NWU gehou word.
- 4.5 Die UBK het 'n gedeelde verantwoordelikheid om te verseker dat NWU-studentewerwing doeltreffend en verantwoordelik in ooreenstemming met hierdie beleid geïmplementeer en bestuur word.
- 4.6 Die uitvoerende direkteur van KVB, via BSW, is verantwoordelik vir die implementering van hierdie beleid.
- 4.7 Waar fakulteite en departemente van die NWU hul eie studentewerwingsaktiwiteite wil inisieer, moet sodanige aktiwiteite gekoördineer en goedgekeur word deur die Direkteur: BSW of deur 'n persoon aan wie sodanige verantwoordelikheid behoorlik deur die direkteur gedelegeer is.

5 Studentewerwingbemarkingsmateriaal

- 5.1 Alle studentewerwingverwante aktiwiteite en bemarkingsmateriaal moet ontwikkel word met inagneming van die bepalinge van die Wet op Verbruikersbeskerming, en inligting vervat in sodanige materiaal moet deur die BSW geverifieer word.
- 5.2 Alle studentewerwingverwante webblaaie, brosjures, advertensies, plakkate, prospektusse, video's, handelsware, infografika, strooibiljette en ander materiaal moet geverifieer en goedgekeur word deur die Direkteur: BSW.
- 5.3 Enige bemarking en promosie van NWU-programme en -aanbiedings moet belyne wees met die algehele NWU-handelsmerkstrategie en sodanige bemarkingsinligting moet geverifieer word teen die PKM, jaarboeke en SAKO-registrasienuommers.
- 5.4 Die bemarking van enige program moet goedgekeur word deur die Direkteur: BSW of deur 'n persoon aan wie sodanige verantwoordelikheid behoorlik deur die direkteur gedelegeer is.

6 Betrokkenheid van die VSR, KSR's en ander ondergeskikte studentestrukture by werwing

- 6.1 Alle beplande studentewerwings-, loopbaanvoorligtings- en retensieaktiwiteite gekoördineer deur die VSR,
- 6.2 KSR's en hul ondergeskikte studenteleierskapstrukture moet eers goedgekeur word deur die betrokke Kampusdirekteur: Studentelewe en die Direkteur: BSW.
- 6.3 In die geval van besoeke en geleenthede vir studentewerwing, bly die uitvoering daarvan onderhewig aan die beskikbaarheid van 'n verteenwoordiger van die BSW-departement om die student(e) te vergesel.
- 6.4 Loopbaanvoorligting is 'n spesialisaktiwiteit en mag nie deur studente onderneem word nie.

- 6.5 Studentelewe, insluitende die VSR, KSR's en ondergeskikte studenteleierskapstrukture, sal waar redelikerwys moontlik bystand en inligting met betrekking tot studentelewe en die kurrikulêre program aan voornemende studente en skole verskaf as deel van die studentewerwingsbesoeke en -geleenthede.
- 6.6 Studentestrukture betrokke by werwing moet opleiding ontvang om te help met die uitvoering van pligte wat daarmee verband hou.

7 Betrokkenheid van fakulteite by werwing

- 7.1 Alle beplande studentewerwings-, beroepsvoorligtings- en retensieaktiwiteite moet deur die betrokke Uitvoerende Dekaan, Adjunkdekaan of hul afgevaardigde en die Direkteur: BSW goedgekeur word en moet verder gekoördineer word binne die NWU se algehele studentewerwingsaktiwiteite.
- 7.2 Werknemers van die universiteit wat enige studentewerwingsaktiwiteit namens die NWU bywoon of daaraan deelneem, moet verseker dat hulle goed vertrouwd is met die programme, fasiliteite en dienste wat deur die NWU aangebied word.
- 7.3 Alle fakulteite moet waar redelikerwys moontlik bystand en inligting met betrekking tot fakulteits- en akademiese programme aan voornemende studente en skole verskaf as deel van die studentewerwingsbesoeke en -geleenthede.

8 Kommunikasie en Retensie

Alle kommunikasie wat aan voornemende studente en leidrade versprei word, moet deur of in samewerking met die BSW gekommunikeer word ten einde –

- 8.1 Alle voornemende-studente-navrae te hanteer en saam met die betrokke departemente te verseker dat die inligting op datum en relevant is, en om
- 8.2 Doeltreffende retensiekommunikasie aan voornemende studente te verseker – alle kommunikasie vanaf aanvaarding tot registrasie van nuwelingstudente.

9 Databasisbestuur

- 9.1 Die BSW is daarvoor verantwoordelik om alle leidrade in 'n databasis vir alle voornemende studente en leidrade te bestuur en te koördineer.
- 9.2 Die Direkteur: BSW moet toesien dat die persoonlike inligting van studentewerwingsleidrade op 'n wyse verwerk word wat aan die WBPI voldoen.

10 Aktiverings en Borgskappe

- 10.1 Die organisasie van ope dae met die doel om die NWU te bemark of studente te werf, moet in samewerking met die BSW gereël en gekoördineer word.
- 10.2 Enige individuele en skoolkampustoer wat gereël word met die doel om die NWU te bemark of studente te werf, moet in samewerking met die BSW gereël en gekoördineer word.
- 10.3 Alle borgskappe wat aangevra word met die doel om te bemark of om studente vir die NWU te werf, moet voldoen aan die relevante beleide van die NWU en goedgekeur word deur die Direkteur: BSW.

11 Loopbaanvoorligting

- 11.1 Die NWU en enige van sy verteenwoordigers moet die nodige sorg dra om beroepsvoorligting op 'n verantwoordelike wyse aan individue te bied om hulle te help om die kennis, relevante

inligting, vaardighede en ervaring te bekom wat nodig is om moontlike loopbaanopsies of -programme te identifiseer en dit te beperk om 'n beroepsbesluit te neem.

11.2 Die BSW werk saam met Studentevoorigting en -ontwikkeling wanneer enige gespesialiseerde psigometriese toetse of ander inligting aangebied moet word wanneer 'n voornemende student onseker is oor hul moontlike programkeuses.

11.3 Geen werknemer of verteenwoordiger van die Universiteit mag beroepsvorigting aanbied sonder die nodige inligting en kwalifikasies nie; in die afwesigheid daarvan moet voornemende studente na die BSW of die Studentevoorigtings- en -ontwikkelingskantoor op kampus verwys word.

12 Etiek

Alle werknemers, studente en ander verteenwoordigers van die NWU moet eties optree wanneer hulle werwing of bemaking doen of met voornemende studente en ander belangstellendes kommunikeer, met inagneming van die vereistes van integriteit, objektiwiteit, professionaliteit, behoorlike sorg, deursigtigheid, vertroulikheid en aanspreeklikheid.

13 Nie-voldoening aan hierdie beleid

Enige studentewerwingsaktiwiteite wat nie met hierdie beleid strook nie, moet by die Direkteur: BSW aangemeld word sodat dit ondersoek kan word in ooreenstemming met die relevante dissiplinêre en wetgewende prosesse en aksies.